# Databondels vir studente tydens inperkingsmaatreëls

Die US sal vir studente databondels vir Junie 2020 by MTN, Vodacom, Telkom* en CellC koop wat slegs in Suid-Afrika geldig is. (Dit is nie beskikbaar vir studente aan die Militêre Akademie, wat steeds in Universiteitskoshuise woon, of wat vir kortkursusse of postdoktorale studies ingeskryf is nie.) *Om vir so 'n databondel in aanmerking te kom,* moet jy jou selnommer op die bladsy "Persoonlike Besonderhede" bevestig deur op werk jou kontak besonderhede hier by te klik. Jy moet enige veranderings bevestig deur op "Inligting Opdateer" onderaan die bladsy te klik. Maak ook seker dat die kennisgewing die datum vertoon waarop jy opgedateer het, soos hier onder:




Die stelsel sal die onderstaande bevestigingsboodskap boaan die bladsy flits:




***Ons sal slegs selnommers wat sedert 15 Mei 2020 bevestig is, na die mobielenetwerkoperateurs aanstuur om databondels daarvoor te laai.* LW: Jy het tot 22 Junie 2020, 08h00 om jou selnommer te bevestig. As jou selnommer nie teen 22 Junie 2020, 08h00 bevestig is nie, sal jy geen databondel vir Junie ontvang nie. Geen uitsonderings kan gemaak word nie.**

Volgens die ooreenkoms met die US sal die mobielenetwerkoperateurs die volgende databondels laai:

10 gig data in die dag – 20 gig "Naguil"-data

* Let asseblief daarop dat die Telkom-netwerk nie die hele Suid-Afrika dek nie. As die verbinding die volgende vertoon

Telkom-R

op jou selfoon, beteken dit jou verbinding is via 'n Telkom-*swerfvennoot*. Dit mag wees dat dit langer sal neem om jou databundel te laai.